



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap  
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 9 April 2020

### Gedagte van die week:

Ek ontdek dat ek glo ... mooiste verrassing! Dankbaar gelowig!

### Teks van die week:

Johannes 20:1-18

### Meditasie uit die Woord:

Maria sien die oop graf. Sy skrik. Sy hardloop weg. Sy maak 'n vinnige afleiding ... Jesus is gesteel. Sy skinder dit aan Petrus en Johannes. Hulle hardloop. Johannes vinniger (het hy liever gehad? bepaal liefde spoed?). Petrus stadiger. Johannes is versigtiger en kyk van vêr. Petrus se dapper persoonlikheid laat hom ingaan om alles mooi te bekyk. Dan waag Johannes dit ook om nader te staan. Hulle skud hulle koppe. Hulle verstaan nie. Hulle blaas die aftog en gaan huis toe. Sprokie op 'n einde. Maar Maria bly. Sy huil. Twee engele beraad haar, want haar hartseer oor **haar Here** is groot. Sy hoor 'n stem en dink dit is die opsigter. Dan hoor sy haar naam ... Maria ... en die stem is **haar Here** syne. Sy wil Hom vashou, maar Hy laat dit nie toe nie. Sy moet terug na sy broers en hulle updateer met die nuutste nuus. Die nuus is eenvoudig: Ek het Hom gesien ... dit is nie verby nie!!! En dit is inderdaad nie verby nie, want Jesus leef vandag nog in my lewe. Elke dag staan Hy in my lewe op. Ek hoor Hom praat ... Hy sê ... Johannes stadiger, Johannes sagter, Johannes moenie oordeel nie, Johannes die ander wang, Johannes die tweede myl, Johannes vergewe nog 'n slag, .... Hy, **my Here**, is heelyd in my ore besig met sy fluisteringe ... Maria het gesê dat sy Hom, **haar Here**, gesien het ... ek kan sê dat ek Hom, **my Here**, hoor. Vreemde opgestane Here Jesus, dit sal nooit verby wees nie. Vir my is U teenwoordig. Vir my is elke dag 'n opstanding .... U staan elke dag saam met my op en begin dadelik met U alewige gefluister. Ek weet dat U opgestaan het, nie met my verstand nie, maar met my lewe!

**my Here, my Here ...!**

### Meditasie uit die lewe:

Ek het vir die dokters en verpleegsters in ons gemeente laat weet dat ek hier is en gewillig is om te help, maar totdat hulle my oproep dien ek in die kerkgebou en pastorie se tuin. Ek dien ons terreinbestuurders, Gert Davids en Jonathan Fortuin, sodat wanneer hulle terugkeer die gras gesny sal wees, die onkruid onder beheer sal wees en die geboue hopelik in goeie kondisie. In die proses kry ek nuwe waardering vir die werk wat hulle doen. Alles in my lyf pyn van buk en grou en grawe en spuit en kruiwastoot. Ek vermoed ek het bietjie gif ook ingeasem. Ek het nuwe deernis met hulle metode van nie té vinnig werk nie. Ek verstaan nou die beperkinge van die menslike liggaam, veral van die ouerwordende liggaam. Ek salueer vandag alle handarbeiders! Ek salueer die padwerkers en tuinwerkers en plaaswerkers ... ek salueer julle, want ek ry op die paaie wat julle gemaak het, ek pluk die blomme wat julle geplant het en ek eet die vrug van julle arbeid. Ek weet nie altyd wat dit van julle vra nie. Ek sal nie weer 'n neerhalende gedagte dink wanneer jy so 'n bietjie op jou graaf se steel rus nie. Ek verstaan nou beter. Spoedbeperkings is oral nodig!

Ons gaan nie op 12 April in die kerkgebou bymekaar kom nie. Ons gaan ook nie Youtube-videos en podcasts doen nie. Ons gaan soos Maria dalk die bekende stem van ons Here hoor. Eerstehands. 'n Goddelike erediens. Voorlopig kom ons weer saam op 19 April om 09:30 tensy ons steeds wetlik verbied word. Hou maar die media dop. Ons is graag wetsgehoorsame burgers.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net)